**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

30 Januarie 2025

Beste Ouers/Voogde

**OOSIE E-SPORT INLIGTINGSBRIEF 2025**

Na 'n baie suksesvolle 2024 sien ons met groot opwinding uit na 2025. Ons verwelkom ons huidige E-sport spelers terug en nooi enige ander belangstellende leerders om by ons aan te sluit.

Ons gaan hierdie jaar aan drie liga's deelneem: HSEL (Rocket League en CS2), ACGL (Rocket League, CS2, Fortnite en League of Legends) en Curro Espors (Rocket League).

**Hoekom E-sport?**

Spelers wat op skool betrokke is by E-sport beskik oor vaardighede wat nie noodwendig beskikbaar is in gestandaardiseerde toetse nie. Dit bevorder onder andere die volgende vaardighede:

- Konseptuele denke – Om te wen, word vinnige konseptuele denke, kreatiewe probleemoplossing en strategiese benadering vereis.
- Spanwerk - Sukses vereis sterk en duidelike kommunikasievaardighede. 'n Waardevolle vaardigheid.
- Sportmanskap – Dit is normaal dat emosies 'n hoogtepunt bereik in enige spel. Om mislukking te hanteer is 'n kritieke emosionele vaardigheid wat hier (net soos op die sportveld) ontwikkel word.

E-sport kan die speelveld van leerders verder verbreed aangesien enige leerder ongeag geslag, vermoë, kultuur, of ligging hieraan kan deelneem. Dit bevorder ook die leerders se betrokkenheid by die skool.

**Die volgende word verwag van leerders wat betrokke is by e-sport:**

- Spankapteine moet elke Maandag (voor 18:00) hul wedstryde op die ACGL-webtuiste reël met die ander skool. HSEL se wedstryde word gereël op Discord.
- Leerders speel dan een wedstryd per week (soos gereël deur albei skole se spankapteine)

**Wat benodig leerders wat betrokke is?**

- Eie rekenaar of "*gaming console" (PlayStation, Xbox*)
- Oorfone met 'n mikrofoon vir kommunikasie doeleindes.
- Program vir kommunikasie: Discord
- Goeie internetkonneksie.

**Wat beloop die kostes om betrokke te wees by E-sport?**

| | | |
|---|---|---|
| Bedrag | : | R100 registrasiefooi per leerder |
| Verwysing | : | E-sport+leerder voorletter en van (Byvoorbeeld: "e-sport P Pompies") |
| Betaalbaar | : | Voor of op 7 Februarie 2025 |

Ouers van belangstellende leerders moet asseblief die skeurstrokie voltooi en terugstuur na mnr D Snyman (k14). Enige navrae kan gerig word aan e-sport@oos-moot.co.za.

S THERON
TOESIGHOUDENDE HOOF

D SNYMAN
ORGANISEERDER

------------------------------------------------------- **SKEURSTROKIE E-SPORT 2025** -------------------------------------------------------

Hiermee gee ek, (ouer) ______________________________________________________ toestemming dat my

kind ______________________, graad ____ kan registreer en deelneem aan Oosie E-sport vir 2025. EK onderneem om die bedrag van R100 (registrasiefooi) voor of op 7 Februarie te betaal.

______________________ ____________________ ________________________

HANDTEKENING DATUM KONTAKNOMMER